Woensdag 21 Oktober
Skrifgedeelte: Spreuke 3:1-4
Fokusgedeelte: Spreuke 3:3-4
Christus, die vleesgeworde wysheid

In Spreuke moet ons Christus afgeskilder sien. Wysheidsliteratuur is nooit bloot praktiese raad vir alledaagse gedrag nie. Dit is nie eerstens lesse vir u nie, maar eerder sketse van Christus. Met elke Spreuk moet u noukeurig en ondersoekend vra: Waar is my Christus? Christus, die beliggaming van wysheid, het immers Spreuke 3:1-4 namens ons uigeleef.

"Liefde en trou" (Spr. 3:3) het Hom nie verlaat nie. Die Wysheid het vlees geword en onder ons gewoon en Hy was "vol van genade en waarheid" (Spr. 3:3; Joh. 1:14). Word Hy nie ook genoem "Getrou en Waaragtig" nie (Op. 19:11)?! Hy was daarom ook die Een wat goeie insig in die oë van God en die mense gehad het (Spr. 3:4; Luk. 2:52). Hy het wysheid se onderrig onthou, bewaar en toegepas (Spr. 3:1). Die wysheid is gegraveer op sy hart (Jer. 31:33), dit is deel van sy diepste wese (Eseg. 3:1-3). Daarom besit Hy ewige lewe, "lengte van dae"! Daar is Hy voor ons in hierdie teks: Die weg na die lewe! Wil u ewig leef? Dan moet u binne in hierdie Persoon Jesus Christus, gevind word.

Spreuke is nie 'n sameflansing van 'n dooie stel gebooie nie, maar dit is die aangesig van God self. Wysheid ken die dieptes van God self (Spr. 8:30; 1 Kor. 2:10). Daar is wysheid se woonplek (Job 28:23), in die teenwoordigheid van God, in sy boesem (Jes. 40:10; Joh. 1:18). Mens, jy wat soos gras verdor, wil jy wysheid bekom en daarmee saam die ewige lewe? Dan moet die ewige saad van die Woord van God in jou verganklike liggaam gesaai word, dan laat Hy jou deel in sy ewige lewe (1 Pet. 1:24, 25). U wat soos 'n veldblom verdor, gryp na Hom, die bronwel van alle skatte van wysheid (Kol. 2:2, 3).

*Sing: Psalm 49-1:1, 5*

*Ds. BM (Marten) Boersema (Oos-Londen)*